

José Dias



HemelBesem



Karina Szczurek



Marianne Thamm



Katinka Heyns



ink

Jaargang 3 Uitgawe 6

R8,50

Saterdag

11 Maart

2017

Silwerwenner in Basa se kunsjoernalistiek-toekennings



Die lewe nie altyd 'n
Piekniek

Bl. 6

Foto: NARDUS ENGELBRECHT

Trotse borg en lid van die

WORDFEEs - FAMILiE

MEDIA24

Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR WOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN NOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bitter mooi lirieke van onder andere
Francois van Coke, Zolani Mahola,
Theuns Jordaan, Elvis Blue en Laurika Rauch.
Die 2017 Sanlam Musiekfees, 3-12 Maart.
www.sanlam.co.za/sponsorships



Sanlam
Welvaartmeesters

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met

Loss, grief and homecoming

Karina Szczurek: The Life and Times of the Final Mrs Brink. Yesterday.

The widow of the world-renowned author André P. Brink sits alone on a bare stage. Karina Szczurek is a slight figure, but a towering presence.

Her hands are fragile butterflies resting on her knees, her legs elegant, as if they belong to the romantic lead in an Ingmar Bergman film. There is a worldliness about her, also something brittle.

Loss and sadness are draped loosely around her shoulders, like a silk shawl or pashmina. It is part of her attire.

We are in a large white tent. Outside the ruthless Stellenbosch sun is baking on old oak trees. The world is at peace. The day's forehead is damp with a few drops of sweat.

The author Ingrid Winterbach takes her seat opposite Karina, the hum of the audience softens into silence. She is talking to her about her forthcoming memoir, *The Fifth Mrs Brink*.

The notes say: "She was 29 when they were married, he 71. They shared 10 years of married life, never being apart, before he died on a plane next to her and she landed in what she calls 'the foreign land of grief'."

The conversation is brutal, honest, raw. At times so riveting, the sound of a bird breathing would have been heard.

"I do not think I would have been able to write that same memoir now," she tells Ingrid. "I had to write it shortly after he died. It was part of my healing. I was overwrought with sorrow."

What happened? It was about six in the evening. They were on a flight between Amsterdam and Cape Town, when her husband complained that he felt ill.

His health was precarious after shingles and knee problems. He was in constant pain. The plane was cutting through the African sky. Homebound.

She touched him. His body felt cold. Just above Brazzaville (Republic of the Congo), his breathing became slow and onerous.

He died in front of her. It was Friday, 6 February, 2015, when the lights went out.

She flew with her dead husband, body stuck mid-air, back to their empty home. Her whole life had changed in the dimness of a sheltering sky.

A few months after his death she had a breakdown, a few in fact. She thought that she could cope, she was going to be strong, show the world that it will all work out, and then . . . then one day it all shattered.

But the cracks they left are part of her strength, her new life. It is like the Japanese art of Kintsugi, where broken pottery or vases are fixed with gold. Much care goes into such fine work, and the end product is something new, but useless without its cracks.

Ingrid asks her more about the book: "It consist of a diary, one I kept after his death. Then my life with him, and my life before I met him."

She spoke about how sad he was about the animosity expressed towards him when he received the Jan Rabie and Marjorie Wallace



Karina Szczurek. PHOTO: NATALIE GABRIELS

Scholarship (2010). This was for *Philida* (2012), which received international recognition when it was longlisted for the Booker Prize.

"We were so poor at that stage, as he had grave financial commitments towards his family. Although he made good money, it was often spent on other people.

Never with regrets, he was not like that.

"We were on the verge of losing the house, living from month to month. I insisted that he apply, because I believed in the project. It was always about the quality of the mission, the craft, the work, not about the person.

She cries: "I remember the landline rang and there was a chair and a table with the phone on it. He picked it up and spoke, I passed him to go to the kitchen.

"When I returned, this grown man sat there sobbing. I ran up to him. He looked up, his face drenched, and he said: 'We will be fine, I have received the funding.'"

She says that the storm afterwards that erupted against him hurt him so much, he never

recovered. A close friend also died, and he suffered from a terrible fear that he could not write anymore. His system collapsed, and he got shingles, one of the most painful conditions possible.

She spoke about the time they met and got together, how society with its conservatism turned against them. Whether they loved each other or not, this did not matter to these people. Their tongues were like knives cutting away at something beyond their little provincial worlds.

"As a child, I had to cope with constant loss. We were refugees. We fled communist Poland, and went to Austria. There we were sent from camp to camp.

"I always had to leave friends behind, places we lived in, even languages. Always having to say farewell the next day or in the dead of the night. It haunted me. My whole life has been about managing these feelings of grief.

"In the end, we went to the States, I could not speak the language, again I had to learn a new one from scratch. Everything was new, again the hankering to past places and people surfaced. I never belonged.

"And then I met André. When we met, and after a courtship, he asked me if I wanted to move in with him. I did. I came home.

"And that feeling of loss eased, as I had a house, a place to hang my metaphorical hat, to rest my head, a country where I felt at peace, a man I loved. I arrived in one spot. I stayed.

"And he gave me ten wonderful years, which I will carry with me forever. It has defined my whole life, it can never be taken away from me. So even if he is gone, our journey remains together, into the future.

"This refugee is home".
– Herman Lategan

"We were on the verge of losing the house, living from month to month. I insisted that he apply, because I believed in the project. It was always about the quality of the mission, the craft, the work, not about the person."

#waarsitlekka

YouTube f Instagram Tube

f f Instagram

HOE LYK JOU Afrikaans?

Drama, humor, diskoers en vermaak ... Gaan na Feestelik en beleef die lekker van 'n Afrikaanse fees, bly op hoogte en vertel ons #waarsitlekka

Ervaar iets buitengewoon ...

www.afrikaans.com/beleef/ontspan/feestelik

f YouTube Instagram Twitter

AFRIKAANS.COM

Woordfees

Die toneelstuk 'Pa, maak vir my 'n vlieër, pa' word vandag om 09:00 en 13:00 by die Hoërskool Stellenbosch opgevoer. Die akteurs is Sandra Prinsloo, Wilhelm van der Walt en Waldemar Schultz. Die teks is deur Chris Barnard en die stuk handel oor Org wat sy moeilike ma in 'n klein woonstel moet versorg. Sy is 'n vrou vol weerwraak. Temas soos skuld, selftwyfel, liefde en verwyrt word aangeraak. 'n Geheimsinnige jong man se besoek veroorsaak groot spanning. Dié teks is deel van die groot Afrikaanse kanon. FOTO: NATALIE GABRIELS



Die skrywer Irma Joubert se 70ste verjaarsdag is tydens die fees by die Oude Werf-hotel gevier. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



Roeline Daneel en Chris van Niekerk is versorger en pasiënt in die toneelstuk Pa. Chris was benoem vir die Fiësta vir beste akteur vir sy rol in hierdie stuk. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Opwinding en passie gis

Hester en Peter se broodpraatjies. Skrywersfees. 33 Dine @The Private Hotel School. 7 Maart.

Mans is maar baie versigtig in die kombuis, vertel Peter Veldsman, seker een van Suid-Afrika se mees gerekende sjefs, terwyl hy 'n oog gooi oor Hester van der Walt waar sy behendig 'n stuk deeg brei.

“Maar dis ook reg so. Die mans is maar skrikkerig hulle word oorskadu deur die vrou in die kombuis. Maar laat ek jou nou sê: Daar is geen konstantes nie. Dié geslag is nie 'n beter kok as daai geslag nie. Dit gaan maar oor die ingesteldheid en die liefde vir goeie, lekker kos.”

Van der Walt, van die dorpie McGregor, knik instemmend. Maar sy wil net gou iets oor haar deeg sê.

“Wat ek vandag hier vir julle maak is kitke, 'n Joodse brood. Maar ons maak hom vandag 'n soetgebak, dan word dit babka.”

Sy rol die deeg uit – so 'n halwe sentimeter dik. Dan smeer sy 'n mengsel van donker sjokolade, kaneel en botter wat tot 'n sagte smeerbare pulp gemeng is. Okkerneute word fyn gekap en oor die vulsel gestrooi.

Soek 'n mens eerder 'n soutgebak, sny 'n rooi ui baie fyn, laat lê dit 'n ruk lank met sout bo-oor gestrooi sodat die water kan uittrek, voeg papawersaad by en rol in deeg toe.

Dan kom die rol – nogal 'n kuns om dit soos 'n slang gerol te kry. Volgende word dit losweg gevleg en in 'n sirkel gevorm.

Dis ook die verskil tussen 'n kitke en 'n vlegbrood, las Peter by – eersgenoemde is rond in vorm.

“Suid-Afrika het basies twee brode geken,” vertel hy. “Wit en bruin brood.”

Toe kom die sestigerjare en die gesondheidsbrood maak sy verskynning. Kort op dié hake was die Italiaanse brode, veral ciabatta.

“'n Mens se dit 'tjábatta'. So 'n vinnige klank 'tjábatta'. G'n soos die mense se 'siabatta' nie.”

In sy dae as kosredakteur van Sarie was daar twee goed wat ononderhandelbaar was as hy assistente moes aanstel – hulle moes skilferkorsdeeg kon maak, en die perfekte vla.

“Dit is twee van die moeilikste goed, so ek het geweet as hulle dit kon doen, was die res maklik.”

Plaaslike meel moet altyd ver-ryk word, sê die twee.

Van der Walt se brood begin altyd met 'n gissponsie – suurdeeg, eiers en sonneblomolie wat sy met

net 'n klein bietjie meel aan die gang kry. En pasop vir te veel sout, keer sy. “Sout is onontbeerlik, maar mens kan dit maklik oordoen. En hou dit weg van die gis af!”

Ja, sê Veldsman, met kos is dit maklik om die glips van te veel sout reg te stel – jy skil aartappel, sny dit in blokkies en gooi in die pot – dit absorbeer die sout. Met brood is daar nie regmaak-kans nie. Die broodpraatjies laat hom dink aan sy dae as student op Stellenbosch, toe hulle nog met das en baadjie klas moes loop.

Een van die eerstejare kom van Kimberley, en hy het nie geld vir das of baadjie nie, en Veldsman slaan 'n fondsinsameling – wat baie Tassenberg met Shakespeare tussenin behels het – aanmekaar.

Teen sonopkoms die volgende dag toe is daar genoeg geld om die student uit te help.

Toe besef hy baie min van die binnelandse student het nog die see gesien, laat staan van 'n passierskip. So die eerste en beste dag dat daar 'n skip intrek in die Kaapse hawe, is die groep deur. Maar hulle kon nie naby kom nie.

Altyd vinnig met 'n plan, leer Veldsman vir die klomp Italiaanse woorde sodat hulle hul kon voordoen as Italiaanse toeriste – eintlik net musiekterme soos allegro, vivace, prima, dolce – alles met teatrale handgebare natuurlik!

En daar werk sy plan, en uiteindelik is hulle as gaste van (regte) toeriste aanboord geneem.

“Wat ek met dié stories wil sê: 'n Mens moet altyd 'n bietjie opgewondenheid in jou hê. As jy 'n passie het vir kos en wyn, werk daarmee. Daar is 'n wonderlike iets in kos – dit is die weg na die hemel!” – **Jo-Ann Floris**

Maak plek in die sonkring

US Woordfees 2017.
Hier, daar en oral op die
feesterrein. Daaglik.

Die ding oor feeste is dat 'n mens jou nooit moet verbeel you've been there, done that nie.

As jy jou kop en hart en gemoed oophou, dan vloei daar wonderlike dinge en ervaringe in. Soms vloei daar ook minder lekker goed in. Daar is emosies wat losgeruk word, en gatvol-dae en dis hitte en stof en baie bottels baie duur water.

Ek beperk my tot water, want die vrug van die druif en die nagevolge moet maar vir hulself praat.

Ek meen, kyk hoe het dinge aweregs gegaan toe ek 'n bietjie wou leer oor kaas-en wynparing. Soos die jongelinge sê: epic fail. Waarvan ek wel kan getuig, is dat die voggies 'n mens baie valse

bravade gee.

Dit is die tweede jaar dat ek aktief by die fees betrokke is, as redaksielid van die feeskoerant *Ink*.

Die enigste voordeel wat die tweede jaar bring, is dat 'n mens darem nou weet waar alles is. Vir die res is dit nuwe ervarings en belewenisse.

Daar is bepaalde aanbiedinge vanjaar wat my sal bybly.

Die eerste is WOW – Woorde Open Wêreld, vir lede van skoolkoerantredaksies. Ongelooflike werk word gedoen met jong mense deur die projek, en as jou hoop in die toekoms van jongelinge óóit laag loop, gaan sit in as hulle weer 'n sessie hou.

Dit is die eerste keer dat ek so baie gehuil het tydens produksies. Miskien is dit die ouderdom, miskien het die dice vir my reg geval (met apologie aan Adam Small).

Miskien was dit omdat ek so na aan baie van die onderwerpe was – bruin mense en hul bydrae tot Afrikaans. Die miskiening van 'n taal van die mense wat ek die liefste voor is. 'n Nuwe generasie stemme wat deure ooptrap wat voorheen gesluit was, maar op maniere wat ander nie seermaak of vervreem nie, maar hulle eerder laat opskuif om plek te maak voor die vuurtjies wat vertroostend brand vir Afrikaans.

Studente se gevoel van uitsluiting op kampusse en hoe hulle hul stryd elke liewe dag van hul lewens moet voer – powerful stuff.

Op 'n persoonlike vlak het ek self 'n paar keer op die dorp 'n wrewel gevoel as arrogante wit studente my in die oë kyk – sodat ek weet hulle weet ek is daar – maar dat hulle verkies om my nie te sien nie.

Soos toe die een sy VW Golf stop net waar ek moet indraai na die parkering, sy maat halflyf by die venster inleun en hulle 'n heerlike lang gesels aanknoop. Elke paar oomblikke het altwee vir my gekyk, gelag, en dan het hulle net verder gesels.

Ja, vir 'n oomblik wou ek hulle haat en op hulle vloek, met die lelikste vloekwoorde wat ek kan opdiep. Maar ek het die voordeel – ek was net 'n gas op die dorp, hulle behoort nie vir my saak te maak nie. Maar daar is mense van my mense daar – dit is te dikwels hul ervaring.

Skaars 'n uur later sit ek langs 'n vreemdeling, 'n wit vrou, 'n boervrou in murg en been. Ons vind natuurlike aanklank, haar dogter dra dieselfde naam as ek, vind ons uit.

Sy het ná haar egskieding

vrou-alleen met skaap geboer, maar dis 'n harde lewe en harde werk, toe verhuur sy die plaas en trek Stellenbosch toe.

Maar haar hart trek terug boerdery toe, genoeg dat sy al haar huiswerk gedoen het en volgende jaar se kant wil begin met koringboerdery.

Ek kyk en luister vir haar, en my kollegas by die feeskoerant vir wie ek net die grootste respek het as mens-mense en joernaliste. En daai ander twee ongeskikte goed maak nie meer saak nie.

Regtig, die goeie mense onder ons gaan die slegtes verdun, en so ver na die rante toe skuif, want hulle sal nie meer tuis kan voel nie.

Vra jy my oor die fees sal ek jou sê: Kom ervaar. Kom maak vir jou 'n plek in die sonkring. Dit is soos 'n taxi – daar is altyd plek vir nog een. – **Jo-Ann Floris**



Neels van Jaarsveld en Erik Holm in die Ibsen-drama *Die vrou uit die see*. Dis nog vandag om 10:00 en 13:00 en môre om 10:00 en 15:00 te sien. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



Sing jy van bomme se spelers in hul postapokaliptiese glorie. Voor is Zak Hendriksz en Hilda Cronjé en agter is Kaz McFadden, Stephanie Gericke en Marnitz van Deventer.

FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



The Fall raak gehore op 'n diep emosionele vlak. Dit vertel die verhaal van studente se protes die laaste jaar of twee. FOTO: NATALIE GABRIELS



Net meer as drie dekades gelede het die akteurs John Kani en Sandra Prinsloo hulle die gramskap van die regering, doodsdreigemente en protesaksie op die hals gehaal toe hulle mekaar op die verhoog gesoek het in 'n produksie van August Strindberg se beroemde drama *Miss Julie*. Daar is gemeen dit sal 'n goeie idee wees om hulle weer saam op die verhoog te kry. *Driving Miss Daisy*, die bekende rolprent met Jessica Tandy as die hardkoppige Miss Daisy en Morgan Freeman as haar geduldige motorbestuurder, is geïdentifiseer as die ideale toneelstuk vir Kani en Prinsloo se verhoogreünie en Saartjie Botha vertaal die teks. Christiaan Olwagen werk dikwels saam met Prinsloo en hy neem dus die regie waar van *So ry Miss Daisy*. Jacques Bessenger vertolk die rol van Miss Daisy se seun wat vir haar dié nommerpas-motorbestuurder uitkies. Die toneelstuk kry groot aftrek sedert dit geopen het, ook nou weer by die Woordfees hier op Stellenbosch. So ry *Miss Daisy* speel by die Fugard Teater vanaf 14-31 Maart en ook by die KKNK van 8-12 April.

FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Toneel

Ilana Cilliers,
Ludwig Binge,
Karlie Heine en
Nicole Holm sing
Wit Tuisland.
FOTO'S:
NARDUS
ENGELBRECHT

Lank lewe Piekniek

Piekniek by Mpande née Dingaen. Kabaret en konsert. Rhenish Girls' High School. Vandag om 17:30 en 20:30.

Dis moeilik om te sê wie het die grootste geskrik met die eerste opvoering van *Piekniek by Mpande née Dingaen* – die akteurs en regisseur of die gehoor. Tegnies was dit 'n nagmerrie, veral wat die klank betref, met die gevolg dat heelwat van die betekenis by die gehoor verbygegaan het, al het die spelers franties die saak probeer beredder.

Om alles te kroon, was die meeste van die gehoor boonop om die verkeerde redes daar. Uit hul flou applous en verblufte uitdrukkings, asook die gemiddelde ouderdom, kon jy agterkom hulle het iets algeheel anders verwag. Blameer die fopspeen van nostalgie en 'n verromantisering van die oorspronklike *Piekniek by Dingaen* daarvoor.

Daardie eerste rampspoedige opvoering het egter genoeg bevat wat sodanig geprikkel het dat 'n mens dit wêér wou sien, al was dit net om jouself te vergewis van nuanses en slimmighede wat dalk deur die tegniese probleme verbloem is. Die inhoud is ook só dig dat jy onmoontlik met net één keer se sien alles kan inneem en verteer. Dis 'n besige affêre, visueel sowel as wat teks betref, en baie snaaks.

Die tweede besoek aan *Piekniek by Mpande née Dingaen* wis alle spore van die eerste opvoering uit en jy wêét dis bestem om net so 'n treffer te wees as sy voorsaai, maar om heeltemal ander redes natuurlik. Die kwessies van 2017 is nie noodwendig só anders as dié van 1988 nie, maar die klem is elders.

Die skoolsaal van Rhenish Girls' High School is 'n kasarm van 'n plek. Trouens, jy kan omtrent 'n Boeing daarin land. Vir intieme opvoerings soos *So Ry Miss Daisy* is dit nie ideaal nie, maar vir *Piekniek by Mpande* kon hulle nie vir beter of meer gevra het nie. Regisseur Wolf Britz en sy spelers benut elke duim van die beskikbare ruimte. Die mees opmerklieke aspek van die besige stel is 'n groot hoop leë waterbottels (die groot rondes wat 'n mens gewoonlik in kantore kry), halfpad versteek agter vertikale blindings wat strek van die een kant van die verhoog tot die ander.

Piekniek by Mpande née Dingaen begin met 'n mini-skets oor water en eindig ook met dié onderwerp. Tussendeur is daar kort-kort verwysings na die watersituasie, soos twee leë waterbottels aan 'n "alice-band" soos 'n antenna op Ilana Cilliers se kop. Dis maar een van die talle verwysings na hedendaagse dinge wat jeuk en pla.

Die blindings dien onder meer as 'n in- en uitgang vir die akteurs, maar ook as 'n projeksieskerm vir foto's, grafika, teks en video. Wanneer daar nie iets spesifiek geprojekter word nie, sweef daar eklektiese objekte soos 'n tuinstoel of 'n trampoliën rond, byna soos die Tardis van *Doctor Who*.

Reeds so vroeg as in die tweede skets verduidelik hulle die rede vir die reuse-aardbol wat net so

neffens die blindings hang. Dié groep bevind hulle nie meer op die Aarde nie. Hul nuwe bestemming word later beskryf in "Afrikaners op die Maan", 'n verwerking van David Bowie se "Life on Mars". Ongeag waar hulle hul bevind, talle heilige koeie en die gepaardgaande skynheiligheid, pretensie en post-waarheidskwessies bly in die slag.

Met die tweede skets, "Onthou jy", word die verbintenis met *Piekniek by Dingaen* vlugtig opgetel met verwysings na Voëlvry, Koos Kombuis en Johannes Kerkorrel. Dan volg "Ou tannies is ook mense" met aangepaste lirieke. En dis die laaste sien van Dingaen; die res van die piekniek behoort aan Mpande.

Nes die oorspronklike *Piekniek by Dingaen*, bestaan *Piekniek by Mpande née Dingaen* uit 'n reeks

komiese sketse van wisselende lengte wat spog met titels soos "Ek wil deel wees (maar nie te veel nie)" en "HIVF+"; haiku's en gedigte soos "Die laaitie issie sattie", Marlo Minnaar se parodie van "Die Kind" van Ingrid Jonker; asook liedere soos "Meestal apart (lied van die bevoorregtes)", "Taal" ('n rapnommer uitgevoer deur Karli Heine wat eens te veel was vir die sensitiewe gestelle van twee vrouens in die voorste gestoeltes met die tweede vertoning) en "Klaaglied van Chico the Clown", wonderlik vertolk deur Nicole Holm.

Die vrolikste lied is ironies genoeg "Wit Tuisland", 'n ensemble-nommer met Ludwig Binge as die voorste klaer oor sy wit velletjie. Daar is ook voorsiening gemaak vir die gospelaanhangers met die meesleurende gospelnummer genaamd "People's Court" met Thamasanqa (Thami) Baba as voorsanger.

"Die kinders van die kinders van Verwoerd" en "Die klas" was persoonlike gunsteling, asook "Pleit met die voorvaders". Holm is die gemene deler in voorgenoemde twee sketse; sy is ook deurgaans die gom wat die spelers aanmekeer bind. Sy was immers by Voëlvry – "live", soos sy sê. Haar ervaring en veelsydigheid kom almal goed te staan.

In "Pleit met die voorvaders" skep Cilliers en Pierre Theron begeleiding met behulp van 'n "loop"-masjien wat bydra tot haar indrukwekkende lewering van 'n Xhosa-monoloog, hoewel die meeste van die gehoor natuurlik nie 'n woord verstaan nie behalwe die naam "Sarel Cilliers". En dis

juis die punt. Cilliers is fassinerend om dop te hou. Sy is hoogs talentvol, baie musikaal en haar komiese tydsberekening is baie juis. Haar fokus is ook bewonderenswaardig, veral in dié produksie waar elkeen moet kophou dat dit bars, selfs die gehoor.

'n Groter komponent van die gehoor het met die tweede vertoning uit jongmense bestaan. Dit was merkbaar dat hulle dikwels geskater en makliker met die inhoud omgegaan het as die middeljariges, hoewel laasgenoemde se reaksie algeheel meer positief was as die vorige dag sowel as die terugvoering agterna.

José Dias verdien lof vir sy verwerkings en oorspronklike komposisies. Hy is bekend in die operakringe en 'n mens was nuuskierig om te sien in watter mate hy die musikaliteit en sangvermoëns van die akteurs sou kon blootlê, veral aangesien nie almal ervare sangers is nie. Wie sou byvoorbeeld kon raai dat Ludwig Binge oor so 'n aangename sangstem beskik? Hy het al 'n rol in die musiekblyspel *Cabaret* gehad, maar dit was 'n praatrol. Volgende keer waag hy dalk om vir 'n sangrol oudisie te doen!

Die oorspronklike komposisies is nommerpas en sommige mense het selfs van die deuntjies geneurie ná afloop van die stuk, meestal die lied oor Orania.

Piekniek by Mpande née Dingaen eindig met 'n reeks vrae oor eietydse vraagstukke teen die agtergrond van "Afrikaners op die maan", soos "Het jy al jou hart vir Hillbrow gegee?". En vir 'n bonuspunt: "Water. Dink daarvoor." Die lewe is immers nie altyd 'n piekniek nie. – **Marina Griebenow**



Nicole Holm as Die Panda in Die Les, een van die sketse in Piekniek by Mpande.



Piekniek by Mpande née Dinga se regisseur was die vreeslose Wolf Britz. Karli Heine en Thamasanqa (Thami) Baba (regs) in aksie. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

Die inkommer agter 'Piekniek'

José Dias, musiekregisseur van Piekniek by Mpande née Dinga.

"Kry collaborators wat briljant is met 'n kabaret wat, vir die tyd waarin dit asemhaal, betekenis moet hê. Moenie skrik vir outo-riteit nie; die status quo kan omvergewerp word. Heilige koeie kan bloedneus geslaan word. Wees dapper, broers en susters."

Volgens die webblad van die Woordfees was dit die raad van Gerrit Schoonhoven, regisseur van *Piekniek by Dinga*, aan Wolf Britz, regisseur van *Piekniek by Mpande née Dinga*, en sy spelers.

Een so 'n collaborator wat Britz nadergetrek het, is die pianis José Dias om as musiekregisseur op te tree. Dias, 'n boorling van Portugal wat sewe tale vlot praat, waaronder Afrikaans, is plaaslik merendeels bekend as samesteller en begeleier van operaprogramme, asook as stemonderwyser vir operasangers.

Volgens Dias het hy en Britz mekaar leer ken toe hulle saamgewerk het aan twee musiekproduksies van die sangeres Magdalene Minnaar, naamlik *Waansin* en *Poskantoor*.

"Dis natuurlik vir my 'n groot eer dat hy my gekies het. Hy het gesê hy hou van die manier waarop ek met die sangers en musiek werk. Ek dink hy het gehoop ek kan dieselfde doen met die akteurs in *Piekniek by Mpande*," sê Dias.

"My ervaring is dat teatermense nie altyd besef dat ons werk met musiek net so diepsinnig en veelvlakkig soos hulle s'n kan wees nie," glimlag hy. "Ons kan ook ure lank skaaf aan 'n stuk musiek en verskillende kleure daaruit haal, nes hulle met teks omgaan. Met musiekteater gee jy byvoorbeeld juis dramatiese diepte aan dialoog deur musiek. Ek weet ek is eintlik 'n aangetroude Afrikaner, maar die feit dat *Piekniek by Dinga* 'n ikoniese deel van die Suid-Afrikaanse teatergeskiedenis is, het my nie juis



José Dias. FOTO: VERSKAF

“Die musiek wissel van hedendaagse klassieke musiek tot gestileerde, robotagtige akkoordprogressies...

gepla nie. Wat dit vir my makliker gemaak het, is dat daar doelbewus besluit is *Piekniek by Mpande* gaan nie soos sy voorganger wees nie.

"Daardie manier van protes het sy tyd gehad. Wat wel behou is, is

die manier om vreesloos kwessies te opper. Daar is in elk geval te veel dinge wat nou aandag nodig het om in die verlede vasgevang te bly."

Wat die musiek betref, was die vorige *Piekniek* redelik rock-gebonde. Die nuwe *Piekniek* is egter amper postmodernisties. Dit gryp invloede van oral en inkorporeer hulle in die finale produk.

Dias bevestig dat hy sowat 90% van die musiek gekomponeer het, maar noem dat dit deurgaans in samewerking met die geselskap geskaaf is. "Ons het gewerk aan dinge en dan het ek saans huis toe gegaan en geskryf wat nodig was. Dit was nogal rof," erken hy nou.

"Die musiek wissel van hedendaagse klassieke musiek tot gestileerde, robotagtige akkoordprogressies in 'n stadium, asook 'n Skouspel-treffer en selfs teks van Brecht wat as 'n gospelnummer getoonset is," verduidelik Dias.

Daar is glo ook baie verwysings deurgaans – hy verduidelik die oorsprong van die lied "Die

Klaaglied van Chico the Clown", 'n nommer wat sy naam ontleen aan Spur-roomys – en dit behoort natuurlik by jongmense aanklank te vind.

Hy raak geheimsinnig as 'n mens uitvra oor die rede waarom dit nou Mpande en nie meer Dinga is nie.

"Jy sal dit in die stuk sien," sê hy. "Daar is nie so 'n karakter nie, maar daar is 'n Mpande-oomblik." Daardie Mpande-oomblik is natuurlik een van die komiese hoogtepunte as 'n mens uiteindelik die stuk sien en jy besef waarom hy dit nie vir jou wou bederf nie.

Dis duidelik dat Dias verknog geraak het aan dié produksie, en dis te verstane. Die musiek van *Piekniek by Mpande née Dinga* is immers sy eerste baba en het boonop op Suid-Afrikaanse grond die lig gesien. 'n Mens vermoed dis nie die laaste keer dat ons hom as musiekregisseur gaan sien optree nie. Die piekniek was heeltemal te piesierig. – **Marina Griebenow**



"Wees dapper broers en susters," was Gerrit Schoonhoven se raad aan Wolf en sy span. Bo hou Ludwig Bing, Ilana Cilliers (middel en regs) en Marlo Minnaar piekniek.

Toneel

Original, clever, close to the bone

Girls Just Wanna Have Fun. Theatre. Lückhoff High School. Today at 10:00.

Girls Just Wanna Have Fun is an exciting offering at this year's Woordfees. The original production was devised by the students of ACT Cape Town under the mentorship of the celebrated Nicola Hanekom. Hanekom and Grant Swanby are in the directors' chairs. The play follows a group of young people whose lives become intertwined on a warm night in Cape Town in the summer. "A night where anything could happen."

Central to the plot are two young guys typical of their age: hungry for competition, their egos as big as their bravado. They are on the prowl for girls in a nightclub, aided by the sports drug GHB.

Upsetting as their complete lack of empathy and respect for women might be, the play does not fall into the trap of portraying them as pure evil. We get a glimpse of



The cast of *Girls just wanna have fun* which debuted on International Women's Day. PHOTO: NARDUS ENGELBRECHT

their privileged lives with fast cars, lawyers and sports – a life where things might just be too easy. If a career in sport is what you're after, a drug will get it for you. If it's girls, the same thing can do the trick. When the shit hits the fan, your dad will help to sort it out.

The two regard themselves as brothers, but in this brotherhood lies the seed of something so dark

that it has the power to ultimately destroy not only their friendship, but indeed their lives. If one thinks back to a certain, well-documented night in a Pretoria park when a group of young men assaulted a defenseless and homeless man, these circumstances become all too familiar. On the other hand we meet the girls: A gay couple whose young love is trampled by

the greed of the two men; the naive girlfriend of one of the guys who is willing to give up everything; the seemingly perfect girl who is struggling with her own demons; and her BFF, who is both in awe and secretly jealous of her beautiful friend.

The play is cleverly constructed. Memories come through in waves and the shocking truth emerges

through fragments as what happened that night is reconstructed. It's a contemporary play by young actors with a strong message, and it aptly debuted at the Woordfees on International Women's Day.

It should be seen by everyone, but young people will particularly enjoy it because it's very close to home. – **Anna-Retha Bouwer**

Slegte voorbereiding kelder goeie toneel

In wag van. Toneel. Hoërskool Lückhoff. Vandag om 20:30 en môre om 10:00.

Die jong skrywer, akteur en regisseur Jason Jacobs is onlangs aangewys as 'n Kunste Onbeperk Jong Stem en drie van sy toneelstukke gaan gevolglik vanjaar by die KKNK opgevoer word.

Woordfeesgangers kry nou die geleentheid om een van daardie toneelstukke te sien, naamlik *In wag van*, wat tans by die Hoërskool Lückhoff op die planke is. Vir hierdie drama uit sy pen het Jacobs boonop 'n regisseurs van die Theatre Arts Admin Collective van Kaapstad ontvang.

Ek het die geleentheid gehad om *In wag van* in Kaapstad te sien en het dit geweldig geniet.

Dit was tipies van KleiSand Teatergeselskap se produksies: Eenvoudig in storielyn en uitvoering, maar groot in trefkrag weens die skoonheid van Jacobs se skryfwerk, die outentieke karakters aan wie hy lewe gee en innoverende elemente van fisieke teater wat Jacobs lief is om te gebruik.

Courtney Smith vertolk die rol van 'n vrou wie se seun (Gershwin Mias) verdwyn en later dood aangetref word. Sy raak vervreem van haar gemeenskap weens hul bygeloof dat sy dood te wyte is aan die maan wat 'n kind moet "insluk"



Gantane Kusch, Courtney Smith (agter), Gershwin Mias en Vathiswa Nodliyya in dié treffende toneelstuk. FOTO: NATALIE GABRIELS

om vol te raak. Gantane Kusch, 'n puik jong akteur wat onder meer in *Die glas en die draad* sy staal gewys het, vertolk verskeie rolle en Vathiswa Nodliyya verteenwoordig die maan of mistieke deur dans en rituele met water.

'n Mens weet nie waarom nie, maar met die eerste opvoering hier op Stellenbosch was dit gou duidelik dat die akteurs nie 'n

tegniese repetisie in dié spesifieke saal gehad het nie.

Mense wat in die tweede en derde rye gesit het, kon vir lang tye glad nie hoor wat die akteurs sê nie.

Dele van die teks en storie het dus nie sin gemaak nie. Veral Mias was besonder sag. Die beligting is ook nie ingestel met die akteurs op hul plekke nie, want met tye was

die akteurs net half belig, ander tye moes hulle praat sonder dat daar enigsins 'n lig op hulle was en daar was selfs gevalle waar die spelers die lig op die verhoogvloer per ongeluk geblokkeer het.

Asof bogenoemde nie steurend genoeg was nie, het 'n sydeur van die saal boonop twee of drie keer oopgeswaai.

Dit is uiters frustrerend as 'n

mens wêet 'n toneelstuk is eintlik goed – en as jy selfs die mense om jou daarvan probeer oortuig – maar dit word gekelder omdat die nodige voorbereiding nie gedoen is nie, wat ook al die rede. 'n Mens wil vertrou dat die oorblywende twee opvoerings beter sal gaan, want soos reeds genoem, is dit eintlik 'n treffende toneelstuk.

– **Marina Griebenow**

Die prentjie-digter van Distrik Ses

Cloete Breytenbach:
The Spirit of District Six.
Skrywersfees. Drosty-teater.
6 Maart om 09:00.

'N Visuele digter, is hoe Cloete Breytenbach voorgestel word. En sy foto's van Distrik Ses is poeties mooi, ryk aan verbeelding en digterlike vryheid. Prentjies wat weinig woorde nodig het.

Op Maandag 6 Maart is die herdrukke weergawe van sy boek *The spirit of District Six* tydens die Woordfees op Stellenbosch bekend gestel. Dit word uitgegee deur Protea Boekhuis.

Weens tegniese probleme kon Breytenbach se foto's nie vooraf uitgestal word nie, en hy en Noor Ebrahim, opvoedingsbeampste by die Distrik Ses-museum en self 'n oudinwoner, moes dié keer maar die beelde deur woorde skep vir die gehoor.

Dit is PW Botha, destyds minister van behuising en kleurlingsake, wat gekla het "dat iets gedoen moet word aan die oogseer" wat hy elke dag gesien het as hy parlement toe ry, vertel Breytenbach. Eers was dit 'n versoek dat dit opgradeer word, maar jare later, toe niks gedoen is nie, toe kom die opdrag: sloop!


Dit is gedoen onder die dekmantel van die nuwe Groepsgebiedewet, en die gebied is "wit" verklaar. Snaaks dan dat geen wit mens ooit ná die sloping van die geskiedkundige gebied daar gaan woon het nie, merk Ebrahim (73) op.

Vandag nog weier hy om te aanvaar dit was 'n krotbuurt.

"En as dit was, hoekom het die regering dit dan nie gefix nie?"

Dit was in dié Distrik Ses dat Breytenbach as destydse koerant-fotograaf begin het om die gebied te dokumenteer deur foto's.

"Dit was die naaste wat ons aan



Cloete Breytenbach en Noor Ebrahim het beelde en woorde van Distrik Ses geskep.
FOTO: NATALIE GABRIELS

'n reënboognasie gekom het. Ek het daar begin foto's neem so by 1955. Dit was altyd 'n veilige plek. Die kinders het altyd gehelp, want hulle het gewoon geraak aan my.

"Ai, partykeer was hulle 'n nuisance as jy wil werk, maar nou ja. Vriendelike mense. Altyd bereid om te help.

"Die mense was brandarm, en het maar hul lewens op die strate van die Ses gelewe, want die huise was beknop."

Dié onbevange manier van lewe het vir Breytenbach eindelose geleenthede vir foto's geskep.

"Jy kan op een hoek staan, en 500 verskillende foto's neem soos jy in die rondte draai – daar was net soveel stories om te vertel."

Selfs die bendes het hom nie gepla of bedreig nie.

"Ja," voeg Ebrahim by, "ons het nie juis killings of huisbrake gehad nie. Daar was omtrent 25 different gangs, maar ek het hulle geroep die gentleman gangsters, want hulle

het ons nooit gepla nie."

Van sy mooiste herinneringe aan die Ses is hoe geloof en kleur net 'n vae begrip was.

"Ek is Moslem, maar ons het Christmas en Jewish holidays met mekaar gecelebrete. Die Jode was saam met ons masjiet toe, en ons het saam met hulle in die synagogue gaan bid.

"Dit was 'n lieflike plek, sowaar. Ons het nooit gekyk na die colour van mense se

velle nie. Vir ons was dit net mense wat daar gebly het. Ons het mense gesien as ons vir mekaar kyk."

Toe kom daai verskriklike dag in Februarie 1966, toe inwoners soos gewoonlik na hul werkplekke in die middestad geloop het.

"Toe ons in die town kom, toe sien ons die koerantopskrifte: District 6 declared a white area. Soema net so."

In 1970 het die eerste stootskrapers gekom, en behalwe die kerke, is als platgestoot – en daarmee saam ook die gees van Distrik Ses se mense.

"My pa was in sy sestigs. Ek sal nooit vergeet hoe hy gehuil het daai dag toe ons moes uit nie."

Alle swart mense is townships toe, bruin mense na die Kaapse Vlakte, Moslem-mense Athlone en omgewing toe.

"My een vriend was coloured, en hy was met 'n swart vrou getroud. In 1972, toe stuur hulle vir hom Mitchells Plain toe, en sy vrou moet Langa toe met

hulle drie kinders, want hulle was donker soos hulle ma.

"As hy sy vrou en kinders wou sien, moes hy polisiekantoor toe gaan en vir 'n permit aansoek doen. Daai is wat Groepsgebiede aan ons mense gedoen het."

Tog was daar ook die goeie goed wat hy onthou – die gratis skoolboeke, die glas melk en peanut butter sandwiches elke dag voor skool.

"Ons het al ons sporte in die strate gespeel. Ek was die marble-koning, maar die lekkerste was hide en seek met die girls!"

Dan natuurlik was daar die movies.

"Ons het drie bioscopes gehad. Die Avalon was vir die sturvy (snobistiese) mense. Dan was daar die British, maar die Star was ons favourite.

"Daar was 1 000 sitplekke.


Onder het die gangs gesit, en bo die select, die grand mense. Die gangs het hul eie seats gehad, en niemand anders mag daar gesit het nie.

"Die gangs kon nie dagga rook in die straat nie, so hulle het dit binne die bioscope kom rook in peace. Maar as ons daar uitgestap het, was ons amper dronker as die gangs van in hulle walms sit," lag hy.

Breytenbach het so deel van Distrik Ses geword dat hy toegelaat is waar buitelanders nie somer kon in nie. Soos die dag toe hulle verby 'n kerk loop en hy sien daar is 'n begrafnisdiens aan die gang.

"Ek en die man wat saam met my was, gaan toe in, en dis net die vrou en haar seun by die kis. Ek neem foto's en ons sit maar, en toe die kis uitgedra moet word, is daar nie ander genade nie, ons moes help dra.

"Maar dis 'n verhouding wat oor jare opgebou is. En dit gaan oor respek." – **Jo-Ann Floris**



Gesels met die kenners, en word WYS!

Ons bestuur WiFi-netwerke namens
kliënte landwyd.

Verkoop data, maak wins en beperk
onkoste en misbruik.
Jou netwerk, jou handelsmerk,
ons stelsels en kennis.

Restourante • Gastehuse
Studentebehuising • Woonstelle
Privaatwonings

www.wishnetworks.co.za

087 805 7480



Woordfees

Pepler is 'n meester

Deon Meyer en Karin Brynard: Van feite tot papier. ATKV-Boektent. Gister om 09:00.

Daar was drie botteltjies gif op die verhoog toe die skrywer Rudi van Rensburg sy medeskrywers Deon Meyer en Karin Brynard en die antropoloog en ekoloog Dave Pepler ondervra het.

Natuurlik was Meyer en Brynard ondernemend en het interessante inligting gedeel oor hoe hulle by die inligting kom wat hulle in hul boeke gebruik, maar een ding staan soos 'n paal bo water: Pepler weet alles oor alles.

“As ek 'n kolonie moet skep soos Deon geskep het in *Koors*, sal dit in die Tankwa-Karoo wees. Daar is genoeg bobbejane en dassies om jou te waarsku as daar gevaar kom. Ek is gebonde aan eie bodem.” En oor aardverwarming: “Die onderskatting is gruwelik. Die pole is besig om voor ons oë te verdwyn. Jy kan 'n pikkewyn in die slaai van ons minister van omgewingsake sit en hulle sal dit nie herken nie.”

In Brynard se woorde: “Ons het meer Dave Peplers nodig.” Kan die man nie sy eie program op feeste kry nie? – **Ilza Roggeband**

Mole jaag skare op 'n hoop



Matthew Mole het op 8 Maart die trom geslaan by die Jan Marais Natuurresewaat, waar sy folkmusiek met 'n elektriese twang die gehoor in vervoering gehad het. Dié sanger en liedjieskrywer (26) van Vishoek se eerste enkelsnit *You did well*, kid is in 2011 aanlyn bekendgestel. Hy is die eerste plaaslike kunstenaar wie se album (*The Home We Built*) die nommer een posisie op iTunes se trefferlys gehaal het. FOTO: NATALIE GABRIELS



Oude Libertas Amphitheatre Stellenbosch

Messiah: G.F. Händel

10 & 11 Maart 20:15



**Met Magdalene Minnaar (sopraan)
Minette Du Toit- Pearce (alt), Given Nkosi (tenoor)
Thato Bachona (bas), Zorada Temmingh (orrel)
Libertas koor (vergroot) o.l.v. Prof. Johan De Villiers
& saamgestelde orkes o.l.v. Jürgen Schwietering**

Besprek @ : 021 809 7473
h/v Adam Tas & Libertas St, Stellenbosch

Computicket: 0861 915 8000
www.oudelibertas.co.za

'n Gedugte groep instrumentaliste

Metamorfose. Klassieke musiek. Endlersaal. 9 Maart om 20:00.



Megan-Geoffrey Prins
FOTO: STEFAN ELS

In sy Metamorphosen vir 23 solostrykers smeer Richard Strauss laag op laag musiek soos 'n mens botter dik plak op brood.

Elke stryker het sy eie musikale lyn, en die effek is dat daar in werklikheid 23 verskillende wysies oormekaar gevleg word om een groot werk te vorm.

Hierdie eb en vloed van melodieë het 'n manier om jou as luisteraar in te trek.

Die werk, wat in 1945 voltooi is, het 'n digte tekstuur en die klankkleur is warm. Dit is hierdie aspekte van die stuk wat die US Camerata, onder leiding van Leon Bosch, goed na vore gebring het. Die klank wat hierdie strykers produseer het, was vol, warm en kragtig.

Metamorphosen het die konsert afgesluit, maar die eerste helfte van die uitvoering is aan Mozart gewy. Sy opera *Apollo et Hyacinthus* is geskryf toe hy net elf jaar oud was, en die US Camerata het die ouverture hiervan gespeel. Dit is 'n werk met jeugdigheid en sprankel, en kon seker die klankbaan van onskuld wees in die lewe van 'n elfjarige seun in 1767.

Die ensemble het lig en energiek gespeel – 'n aangename

begin vir 'n konsert.

Megan-Geoffrey Prins het daarna Mozart se Klavierkonsert No. 12 in A majeur saam met die US Camerata uitgevoer – 'n werk wat hy sê hy laas op ongeveer tienjarige ouderdom gespeel het.

Dié concerto is in 1782 gekomposeer toe Mozart 26 jaar oud was. Dit is nie 'n uiters komplekse en virtuose werk nie, en dit is by tye delikaat in sy eenvoud.

Prins het uitstekend gespeel en dit het voorgekom of die concerto vir hom geen uitdaging is nie. Veral die tweede beweging (andante) was eenvoudig mooi met Prins wat 'n helder liriese kwaliteit uit die klavier gekry het.

Ek het op vanjaar se Woordfees die US Camerata in drie uitvoerings gehoor, en elke keer het hulle bewys hulle is 'n gedugte groep instrumentaliste.
– **Wayne Muller**

‘Ek preek op ’n ander platform’

HemelBesem: God is Afrikaans. Skrywersfees. ATKV-Boektent. 4 Maart.

Daar’s vriendskappe wat die oë sal laat rek en rol. En daar is ’n woordeskate wat Afrikaans onderstebo dop, rondskud en weer staanmaak. HemelBesem, wat soms ook Simon Witbooi heet, kom waarskynlik hiermee weg want daar is ’n eerlikheid waarmee hy sy ding doen – in en vir Afrikaans.

Meestal is dié dinge rymklets (rap), maar dit was ook al prediker, is nog steeds motiveringspreker, sosiale kommentator, moeilikheidsmaker met ’n doel en brugbouer.

Natuurlik is daar ook sy hegte, onbeskaamde vriendskap met Steve Hofmeyr, wat glo moes toegee dat hy wat HemelBesem is, ’n groter Blou Bul as Steve is.

HemelBesem was Saterdag by die Woordfees in Stellenbosch in gesprek met Danie Marais oor sy boek *God praat Afrikaans*.

“Die taal waarin jy bid en vloek is die taal van jou hart,” het ’n dominee lank gelede vir hom gesê.

Hy wou nooit ’n taalstryder wees nie, bloot iemand wat wil sorg dat die taal wat kinders mee grootword, ook die taal is wat hulle op die verhoog, op die radio, op die televisie en in musiek hoor. Wat hy wel hard voor baklei, is dat die stigma van ’n “anderste” Afrikaans verdwyn, sodat ongeag hoe die klank klink wat by jou mond uitkom, dit nog steeds die taal van jou hart is. En die taal van jou hart kán mos nie minderwaardig of lelik wees nie.

“Mens móét eerlik wees in wat jy doen. Eerlikheid ontbreek in vandag se lewe. Dis oor goed soos Facebook – dit verkoop nie waarheid nie. Maar as jy eerlik is, en erken wanneer jy foute gemaak het, dan kan mense met jou assosieer.”

Dis soos om ’n woord soos



Die mutual vertrekpunt

Oor dáái vriendskap met Steve, veral omdat baie mense meen hy verdeel die Afrikaanse gemeenskap?

“Steve het sy opinies, ek gooi nie modder nie. Ek het twee goed geleer oor moddergooi: Jy verloor grond, en jou hande raak vuil.

“Maar laat ek jou nou sê: Steve was die eerste A-class celebrity wat my gekontak het. Hy het eenvoudig gesê: ‘Ek love jou werk.’

“Hy het my nie nodig gehad nie – die man kon ’n saal van 50 000 op sy eie vol kry – so hy het my nie gebruik as ’n pawn nie. Ons praat baie diep dinge, al stem ons nie altyd saam met mekaar nie. Ek respect hom, en hy vir my. Dis die mutual vertrekpunt.”

“aweh” deel van die omgangstaal te maak. Aweh met ’n ‘h’ en sonder ’n kappie, want dit is so ’n diep groet – dit klink amper soos Yahweh

(Hebreeus vir Jehova of God).

In *God praat Afrikaans* bring HemelBesem hulde aan mense wat sy lewe op een of ander manier aangeraak het. Daar’s die juffrou wat altyd sy verjaardag onthou het, die skoolopsigter wat die moeite gedoen het om sy naam te ken. Die antie op Worcester wat gesorg het dat hy ’n 21ste verjaardag – tradisioneel die rite of passage vir bruin mense – kry.

“Toe ek haar vra hoekom sy dit doen, toe sê sy want jou turn is jou turn.”

Nou is dit sy turn om te gee.

“Dis belangrik om mense te onderstreep,” sê hy. Hulle moet weet hulle tel.

Hy wil-wil glo swaarkry en armoede help skep aan die rykheid van ’n taal, maar nie eksklusief nie.

“Dr. Martin Fisher het gesê ‘hurt and happiness open people up’, dan is dit soos ’n damwal en goed breek deur.”

So, waar hy deur die land gaan, kyk en luister hy, en die skatkis raak voller en voller.

Diskrimineer die media nog teen die “anderste” Afrikaans?

“Die algemense idee is dat dié Afrikaans riskant is, maar soos alles, raak mense sag in hul vooroordele. Dis ’n taal so wonderlik, dat die kleinste kind die diepste metafore kan verstaan. Dis Afrikaans met masala gespice.”

Dit was een van die oomblikke van bevryding toe hy, jonk in jare, die musiek en lirieke hoor van die Kaapse hip-hopgroepe Prophets of the City en Brasse vannie Kaap.

“Dit was nou ghettomusiek, maar hier hoor ek dit oor die radio speel. En hulle klink soos ek, en die mense om my. Dit was ’n awesome oomblik!”

Word hip-hop geskep uit woede?

“Dis nie gegrond in haat nie, nee. Dit gooi nie noodwendig modder na iets toe nie. My liefde vir iets is nie haat vir iets anders nie.

“Dit klink soos my dominee, maar net met ’n ritme.”

Is jy ’n walking contradiction met jou tattoos, hip-hop, jou geestelike sy?

“Wel, dis met ’n tattoo dat ek Steve oortuig het ek is ’n groter Blou Bul-fan as hy. (Ja, hy het ’n Blou Bul-tattooëermerk).

“En ek was ’n pastor. Ek het vier jaar lank ’n Bybelskool gerun. Nou preek ek op ’n ander platform. Maar soos ek gesê het, dit gaan oor die eerlikheid waarmee jy dit doen.

“Ja, dit was my fanatiese tyd. Die jeur, die ritme, die krag, die salwing – dit was baie bevrydend. Daai is mos die Pinkstermense vir jou.”

Hy het tatoeëermerke van ’n toneel waar William Wallace (*Braveheart*), voorvegter in die Skotse bevrydingsoorlog, by ’n keerpunt in sy lewe kom; van Hendrik Witbooi, ’n voorsaak wat darem op die Namibiese geldnote erkenning kry.

“Maar hier praat niemand van hom nie. Ek het sy gees en sy geesdrif gekry. Hy was ’n goeie vegter, mens-mens en brugbouer.”

Om in die verlede vas te sit, sit nie in sy broek nie.

“As jy liefde en vergifnis ervaar het, wil jy hê ander moet dit ook ervaar.

“Ek kom uit haglike omstandighede uit. Mens kan nou daaroor lag, maar as ’n kind was dit nie snaaks nie, dit was embarrassing.

“Dis nie snaaks om net een skoolhemp te hê nie, en dan moet dit voor die vuur drooggemaak word. Dan trek jy die zip van jou top tot bo toe dat die reuk van die vuur wat aan die hemp klou, nie uitkom nie. En as jy te warm kry en trek daai zipper af, dan vra iemand ‘wat ruik so na braaivleis?’

“Dis nou snaaks. Tóé het dit diep seergemaak.”

Realiteit is plus en minus, groet hy. Nooit net sleg nie, nooit net goed nie.

Aweh. – Jo-Ann Floris

ink

Redakteur

Jacquette Kloppers

(jacquettekloppers@gmail.com)

Uitgewer

Hannelie Cronjé

Bladuitleg en produksie

Johnn-Grant Munro

Teksredakteurs

Susan Booyens

Marchelle van Zyl

Fotograwe

Nardus Engelbrecht

Natalie Gabriels

Skrywers

Jo-Ann Floris

Marina Griebenow

Herman Lategan

Wayne Muller

Ilza Roggeband

Lynné Schoeman

Naudé van der Merwe

Produksie-assistent

Marietjie Booyens



Woordfees-kantoor

Adres: Erfurthuis, Ryneveldstraat 37, Stellenbosch. Navrae:

Bel die feeskantoor by 021 886 5036 of besoek www.woordfees.co.za. Besoek die Woordfees se Facebook-blad by <https://www.facebook.com/woordfees/>

’n Elektroniese weergawe van Ink is ná 14:00 beskikbaar op Netwerk24.



NETWORK 24

Sake en Sauvignon

met Theo Vorster

www.network24.com



Kom **luister, dink** en **gesels** saam oor beleggingsbesluite by ons Diskoers-gesprekreeks.

📍 **Bloekomhoek** ⌚ **13h00 -14h00**

📅 **8 Maart 2017**

Finansiële onafhanklikheid – wanneer het ek genoeg?

📅 **9 Maart 2017**

Wanneer en hoeveel moet ek oorsee belê?

📅 **10 Maart 2017**

Hoe maak ek beleggingsbesluite in onseker tye?

R50 te koop by Computicket | R60 by die ingang. Kaartjies sluit ’n glas Sauvignon blanc in. GRATIS toegang vir Network24-intekenare, bespreek deur ’n epos te stuur aan sakegesprek@network24.com

Lees die jongste INK en al ons U.S. Woordfees inhoud daagliks op Network24.com

Fliekfees

Koos is nog bang vir Katinka

Katinka Heyns vier 70. Woordfeesvierings. 33 Dine @ The Private Hotel School. 10 Maart.

Vanuit Hollywood is daar deesdae honderde gesprekke en artikels oor vroue in die rolprentbedryf, of liever die gebrek aan vroue wat met fliks werk. Veral vroueregisseurs.

In 'n onlangse verslag van die Sentrum vir die Studie van Vroue in Televisie en Film in Amerika is gevind dat slegs sewe persent van die top 250 rolprente wat in 2016 in Amerika gewys het, deur vroue geregisseer is. Dis 'n syfer wat met twee persent geval het vanaf 2015. Skokkende statistieke.

Op eie bodem kan daar ook baie meer gedoen word om vroue in die bedryf te bevorder, maar tog was daar al sedert die 80's 'n lig wat in die donker skyn, 'n vrou wat stilweg haar pad in die bedryf oopgekerf het deur gehalte-films te maak: Katinka Heyns.

Mans het die nare gewoonte om te dink dat hulle die standaard stel, maar vir enigiemand wat in die laat 80's en vroeë 90's 'n brein ontwikkel en met Katinka Heyns-fliks grootgeword het, voel dit geensins vreemd om te dink dat 'n vrou die rigting kon aanwys vir die mo-derne Afrikaanse fliks nie. Ek self het Jans Rautenbach se fliks eers later ontdek, so behalwe vir Leon Schuster-vermaak wás



Katinka Heyns vertel fliksstaaltjies. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

Afrikaanse fliks vir my *Fiela se kind*, *Die storie van Klara Viljee* en *Paljas*.

Katinka word vanjaar in September 70, maar dié mylpaal is 'n paar maande te vroeg by Woordfees gevier, by 33 Dine @

The Private Hotel School net buite Stellenbosch op die Polkadraaipad.

Die kaartjie het 'n ete en 'n gesprek tussen haar en Koos Roets ingesluit. Of so het 'n mens gedink. Dit was nie soseer 'n gesprek nie. Die twee het eintlik maar net gesit

“ Ek dink nou net: Hoe op aarde het ons hier gekom? Wie het hierdie draaiboek geskryf?



Katinka en Koos Roets.

en stories vertel van hul tyd op van die baie fliksstelle waarop hulle ook saam gewerk het. En dis baie vermaaklik. Koos werk meestal saam met Katinka as 'n fotografie-regisseur, of kinematograaf, en het self al die regie gedoen vir fliks soos *Faan se Trein*, 'n *Paw-Paw vir my Darling* en *Kaalgat Tussen die Daisies*.

Wat hierdie “gesprek” nog meer uniek gemaak het, is dat die twee getroud was voor Katinka met Chris Barnard getrou het.

“Ek dink nou net: Hoe op aarde het ons hier gekom? Wie het

hierdie draaiboek geskryf?” sê-vra Katinka.

“n Joernalis het een keer vir my gesê dat jy, Koos, gesê het dat jy nou al 44 jaar saam met my werk en nog steeds bang is vir my, is dit so?” vra Katinka.

“Nee, daai joernalis is nie heeltemal reg nie,” sê hy. “Ek werk nou al 46 jaar saam met jou en ek is steeds bang vir jou.”

Hulle praat met passie en deernis oor mekaar en oor die werk wat hulle gedoen het. Koos het ook saam met haar gewerk aan *Die Wonderwerker*.

Wie weet wat agter toe deure gesê word, maar op die oog af lyk die geskeide lewe van die kantlyn af soos bliss.

Katinka vertel stories van lewe op stel, van haar beskermengel Jemima wat veroorsaak het dat dit nie reën tydens die verfliming van *Paljas* nie, maar net mooi daarna die sluise laat oopgaan het, soveel so dat Meiringspoort oorstroom het. Haar broer het haar gebel en gevra of sy vir Jemima gespesifiseer het wanneer dit moet ophou, want dis nou genoeg.

Ná *Paljas* het dit 'n paar jaar geneem vir haar om *Die Wonderwerker* te maak. Vanjaar is sy die mede-vervaardiger van *Die Rebelle van Lafras Verwey*, maar hopelik neem dit nie te lank voor sy self weer agter 'n kamera inskuif nie. Ons het haar (en Jemima) nodig. – **Naudé van der Merwe**


‘Lafras Verwey’ sal altyd relevant bly

Die Rebelle van Lafras Verwey. Fliks. Ster-Kinekor Eikestad Mall. 10 Maart.

Ons almal het mense soos *Lafras Verwey* al iewers gesien. Sommige van ons het daagliks met hulle te doen, die siele wat deur die samelewing uitgewerk en eenkant gelos word omdat hulle nie die vaardighede het om in te pas nie. Sommige van hulle vind hul pad, floreer en raak popsterre en presidente, of sal 'n mens eerder sê diktators. Ander bly eenkant en gaan dood op straat. Party eindig op in inrigtings, en die res karring maar so voort deur die lewe en skep vir hulself in hul kop nuwe werklikhede van rewolusies en opstand.

Min dinge moet so ontnugterend wees soos wanneer jy dink 'n rewolusie is op pad, en dan skielik kom jy tot insig. Die probleem is dat mense wat hulself gewoonlik as slagoffers sien, nie gereeld tot nuwe insigte kom nie. Hulle glo hul eie leuens.

In *Die Rebelle van Lafras Verwey* sien 'n mens nie die dinge wat Lafras gemaak het wie hy is nie. Ons kry hom so: 'n Alleensiel in sy 60's wat fietsry, geen respek afdwing nie, wie se kollegas vir



“ 'n Mens kry die idee dat dit gaan oor hoe mense cope in 'n wêreld wat al hoe meer gaan oor persoonlike gewin.

hom lag, wat liedjies opmaak in sy kop en wat ure in die badkamer deurbring en planne beraam oor 'n nuwe toekoms, sonder die korrupte bliksems en boelies wat

op die ander ouens trap. Hy is die ultimate slagoffer.

Dié verhaal, oorspronklik geskryf deur Chris Barnard in die 70's, was aanvanklik te hoor op die radio, toe op die planke gesien, en nou tref *Die Rebelle van Lafras Verwey* die silwerskerm. Die draaiboek is deur Simon Barnard aangepas na aanleiding van sy pa se teaterstuk, en hy is ook die regisseur. Dis sy eerste vollengte fliks.

In die oorspronklike Lafras is dié karakter baie jonger. Die ouer weergawe in die fliks, hier goed vertolk deur Tobie Cronje, wat dit in die 70's op die verhoog gespeel het, is 'n staatsdienswerker naby aan aftrede. Die sprong in ouderdom werk perfek, want dit maak die innerlike worsteling wat hy sekerlik dwarsdeur sy lewe gehad het langer, en die klimaks van die storie meer intens.

Die skuif van verhoog na film werk ook. Barnard het dit reggekry dat dit soos 'n fliks voel, nie 'n verhoogstuk op skerm nie.

Die rolprent begin met baie sterk visuele oomblikke wat 'n mens bybly en Barnard toon baie potensiaal as visuele storieverteller. Maar die intensiteit word vinnig verslap. Is ons veronderstel om

verveeld te raak met Lafras se optrede? Moet dit boei? Hy is kalm, dan verloor hy sy humeur, hy is kalm en dan verloor hy sy humeur. Hier is nie karakterontwikkeling nie (nie dat daar hoef te wees nie), maar 'n mens wens soms jy het meer investeds gevoel in wat met Lafras gaan gebeur.

Hy ontmoet per toeval 'n swanger vrou, Petra (Chantell Philipus) oor wie hy hom ontferm. Lafras se sagter kant wil heeltyd hier oorneem, maar hy herinner homself konstant aan die dreigende rewolusie. Omdat hy so in hierdie leuen glo, het hy die onvermoë om selfs met haar, 'n onskuldige, die waarheid te praat.

Phillipus, 'n paar jaar gelede een van die ligpunte in Jans Rautenbach se fliks *Abraham*, het 'n ongelooflike screen presence. Jy voel saam met haar elke flikering wat deur haar oë gaan. Sy vra vir Lafras die vrae wat die gehoor ook wil weet, en hy kan dit nie antwoord nie. Ander byspelers soos Albert Pretorius en Brendan Daniels werk ook goed in hul rolle.

Lafras se verhouding met haar voel surrealisties, hulle daag by 'n pretpark op in die middel van Pretoria. Dit voel onwerklik, maar dis dalk die doel? Haar teenwoor-

digheid is 'n vergestaltung van wat sy lewe kon wees as paranoia nie iewers langs die pad oorgeneem het nie.

Die prent tel baie skielik spoed op na die einde toe, dis asof die ratte ewe skielik inklik en Barnard hier op alle silinders vuur.

Die briljantheid van *Lafras Verwey* is dat dit altyd relevant sal bly. In die huidige konteks wil 'n mens amper sê dat dit nie so politiek gelaai is soos wat dit dalk in die 70's was nie. Hier kry 'n mens eerder die idee dat dit gaan oor hoe mense cope in 'n wêreld wat al hoe meer gaan oor persoonlike gewin. Dit was natuurlik nog altyd ook 'n tema, maar dis soveel te meer so in die selfie-era en in 'n tyd van tegnologie en die diep-internet waar almal alles van alles en almal kan uitvind.

Daar is elemente van *Lafras* wat 'n mens nogal aan Elliot Alderson van die TV-reeks *Mr. Robot* laat dink – 'n buitestaander wat voel die wêreld is teen hom.

Hoe kan ons anders wees om hierdie mense deel te maak van ons gesprekke? As dit 'n verklaring is wat die fliksweergawe van *Die Rebelle van Lafras Verwey* wil maak, dan slaag dit baie goed.

– **Naudé van der Merwe**

Dié Jazz Band maak my trots

Judith Sephuma.
Musiekfees. Spier.
8 Maart om 20:30.

Wat ’n talentvolle groep is die Universiteit Stellenbosch se Jazz Band (SUJB) nie!

Vir dié konsert het Felicia Lesch ook ’n paar alumni gekry om saam te speel, maar wat hulle vermag het, verdien groot lof. Vir ’n orkes om sangers van die kaliber van Judith Sephuma, Gloria Bosman en Tim Moloi te begelei en dit byna foutloos te doen, kan net gedoen word deur ’n groep uiters talentvolle musikante en natuurlik die dirigent wat hulle lei.

Sephuma, Bosman en Moloi het alles, en selfs meer, gedoen as wat verwag is. Sephuma, met haar pragtige glimlag, innemende verhoogpersoonlikheid en

sterk stem, het van die begin die gehoor in die palm van haar hand gehad. Wat Bosman met haar stem kan doen, laat jou sprakeloos. Moloi is so sjarmant soos net ’n crooner kan wees. Die liedjiekuses was nommerpas, die duette en trio’s ’n plesier om na te luister. Die orkes kan sy plek inneem op enige plek ter wêreld.

Amerikaners en Kanadese het ’n ent van my gesit. Ek kon sien hulle het, soos die Suid-Afrikaners in die gehoor, elke oomblik geniet. Met die laaste liedjie, “Meadowlands”, het hulle ook opgestaan en gedans. (Foeitog, “Bruce” het nie juis ritme nie.) Ek wou na hulle toe stap en sê: Ek weet nie of jul eie president Trump of Trudeau is nie, maar ek wil net sê dat hierdie my Suid-Afrika is.

– Ilza Roggeband



Jedd Kossew (links) en Francois van Coke vroeër op die Sanlam Musiekfees se opskietverhoog. Francois tree vanaand om 18:30 in die Jan Marais Natuurreservaat op. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Wie is die beste koor?

Ligspel, US-koor. Musiek.
Endlersaal. 9 en 10 Maart
om 13:15.

“Dit is die beste koor in die wêreld,” hoor en sien ’n mens deesdae oral.

Die Universiteitskoor Stellenbosch, onder leiding van André van der Merwe, verdien die lof wat hul kant toe kom. Dit is werklik ’n indrukwekkende instrument en onge-looflike ambassadeurs vir die US. Ek het al uiters positiewe resensies oor van hul albums geskryf, self in my jonger dae in die koor gesing en dit was lewensveranderend.

Maar, en hier is ’n “maar” wat ’n mens die afgelope tyd nooit oor die US-koor hoor nie en iets wat min mense op Stellenbosch openlik sê: Dit is nie die beste koor ter wêreld nie. Sommige media, PR en oud-koorlede op Facebook het op een of ander manier hierdie fake news begin versprei, en nou is dit ’n feit. Maar dit is ’n mite dat daar iets bestaan soos

die beste koor in die wêreld. Dit bestaan nie in musiek nie. Terloops bestaan daar ook nie iets soos die beste universiteitskoor in die land nie, maak nie saak hoe vermaaklik die kykNET-program *Varsity Sing* ook mag voorkom nie.

Die US-koor is bloot bo-aan Interkultur, ’n kultuurorganisasie wat internasionale koorkompetisies reël, se ranglys omdat die US-koor in die verlede hoë punte in Interkultur se kompetisies ontvang het.

En ja, dit is ’n uitstekende prestasie.

Maar daar is baie kore die wêreld oor wat nie aan Interkultur-kompetisies deelneem nie, en verskeie professionele kore wat nooit aan enige kompetisies deelneem nie en ook uitmuntende musiek maak.

Die US-koor is vanjaar amper 120 lede sterk. Voorheen sou ’n mens dit as ’n massakoor bestempel. Om so baie mense te kry om ’n eenvormige klank te maak, is ’n uitdaging.

En dit kry André en die koor

baie goed reg. Maar twee van die werke wat hulle tydens Ligspel uitgevoer het, “A Drop in the Ocean” van Eriks Esenvalds van Latvië en “Dawn and Dusk” van Ken Steven van Indonesië, gaan oor effek, en in dié geval is die effek so groot bloot omdat die koor so groot is. Dis net iets wat jou ore laat tuit.

Ongelukkig het geen cover van Tracy Chapman se “Fast Car” nog ooit gewerk nie. Ook nie hier nie.

Maar voor iemand my beskuldig dat ek net ’n verbitterde droë gifpen is, is daar natuurlik ook fantastiese oomblikke.

Joshua Na Die Reën se twee liedjies, verwerk deur André, werk uitstekend vir koorsang. Die openingsnommer, O Nata Lux van die Amerikaner Guy Forbes, is ontwerp vir hoendervleis en die tradisionele spiritual van J.K. Alwood en verwerk deur Shawn Kirchner, klink wonderlik.

Die US-koor is ’n baie goeie koor, maar niemand is die beste nie. – Naudé van der Merwe

Beplan volgende jaar liewer langer

Beatles, JFK en Groep 2.
Spier. 9 Maart om 20:30.

“Dit was nou pret!”

“Ja, dit was lekker. Ek het amper al die woorde geken en saamgesing.”

“O, aarde, nee. Dit was soos ’n karaokekonsert.”

Dit was die uiteenlopende reaksie van konsertgangers ná *Beatles, JFK en Groep 2*. Dit was ’n viering van die musiek van die sestigs met Amanda Strydom, Koos Kombuis, Lynelle Kenned en Brandon October. Van die gewildste liedjies van die era is gesing, soos “Timothy”, “Die lappop” en “Are You Lonesome Tonight”.

Van die liedjies was suksesvol, ander nie.

Kom ons begin by Strydom. Professioneel, met respek vir haar gehoor, die enigste een wat nooit op ’n iPad of papier gekyk het vir woorde nie. Tot op die noot en woord voorbereid, wat natuurlik al haar vertolkings ’n belewenis gemaak het. Elkeen het sy vir die gehoor gesing; hulle in die oë gekyk en perform. Soos net Miss Mandy kan.

Koos Kombuis is ’n legende en niemand moet my anders probeer oortuig nie. Maar hoekom hy vir ’n konsert soos hierdie gevra word, sal g’n mens weet nie. Daar is soveel ander

stemme wat eerder tot hierdie konsert kon bydra.

Kenned is ’n talent wat so helder skyn soos haar glimlag en was ook ’n hoogtepunt.

October mis nooit ’n noot nie en is duidelik op sy gemak in ’n konsert soos hierdie. Sy “Whole Lotta Love” was my persoonlike gunsteling, maar dan kan jy my met ’n wip vang met ’n stukkie Led Zep.

Daar word elke jaar by die US Woordfees konserte soos hierdie gehou en volgende jaar moet daar dalk langer beplan word om dit regtig ’n konsert met hart en siel te maak. Die gehore verdien meer.

– Ilza Roggeband

MAAK SPIER JOU FAMILIEPLAAS



Bring jou hele familie saam na een van Stellenbosch se oudste wynplase. Ontspan in ons vierster hotel en kom proe van Suid-Afrika se mees bekroonde wyne. Eet vars groente uit die plaastuin by Eight Restaurant of geniet ’n gourmet piekniek op ons historiese plaaswerf.

www.spier.co.za

1692
Spier

NIE TE KOOP AAN PERSONE ONDER DIE OUDERDOM VAN 18 NIE.

Vuurvreters

Ons moet praat oor hierdie dinge



Marianne Thamm

Marianne Thamm: Hitler, Verwoerd, Mandela en ek. Skrywersfees. ATKV-Boektent. 4 Maart 17:00.

Julle ken haar as die hardwerkendste vrou in die Suid-Afrikaanse show business en joernalistiek.

Só stel Tom Lanoye, Vlaamse skrywer, Marianne Thamm voor. Hulle gesels oor haar outobiografie: *Hitler, Verwoerd, Mandela and Me*.

Marianne is bekend as iemand wat nie die delete-knoppe ken nie. Sy sê 'n ding soos hy is.

Tom vertel dat iemand eenkeer vir hom gesê het: "As Marianne Thamm skryf in die Daily Maverick, dan weet jy iemand se kak gaan spat!"

Dis haar komplekse familiegeskiedenis, haar humor en skryfstyl wat die boek so boeiend maak. Haar pa was 'n Nazi, haar ma was Portugees en Marianne het in Pretoria grootgeword.

"I was really intrigued with what gives people a political conscience? What triggers in a group of people who were part of the perpetrating class – why does one member of the family say I will not go along with this, I refuse. But it's very easy to ask those questions when you're not part of that history, when you're not trapped within history.

"And it's only when I became trapped in my own history in apartheid South Africa, no matter that I'm gay, that I'm marginal in that sense, that I'm a recovering Catholic, that I have immigrant parents – the one overriding fact that benefited me, and the reason why I sit here today, is because I'm white. The world was my oyster. There was no part in my brain that said I won't succeed."

'n Groot deel van die boek handel oor die komplekse verhouding met haar pa en sy geskiedenis.

"Die boek het baie te doen met – how can you love someone when you have to love them when they are at their worst?"

Marianne en haar pa het later jare lang, moeilike gesprekke gehad.

"My father wanted me to be a blonde, blue-eyed, met vlegsels, Duits, 'n meisie wat jodel en kook in die kombuis. En dis nie wat hy gekry het nie. En ek het vir hom gesê: There is a God: You got a lesbian daughter and two black granddaughters. But if I didn't have that conversa-



tion with my father over the years – and as much as it was traumatic at times for him and for me – that he could reach a point where, when he had to die, he was ready to die. Having accepted the Holocaust, accepted the deeply existential nature of politics, and the position it places us in. I needed that from him.

"I think our 20 to 30 years of discussions were therapy – in a weird way for me and for him.

"The trauma of being part of the perpetrating class – it is easier to love our parents when they die, we forgive them more.

"In Suid-Afrika – it is difficult to have this kind of conversation, because we get defensive as white people when people point out that we have to own what you are."

So, wat is die reaksie op haar boek, vra Tom.

"Younger white Afrikaans speaking South Africans tell me they are very grateful – the book opened up a lot of conversations with their parents. Dit is baie moeilik vir Afrikaanse mense om die geskiedenis te eien. Dit word beskou as 'n slegte geskiedenis. Dat jy gesien word as deel van die perpetrating class. Dis die conversation wat mense nog steeds in Duitsland het. Around finding a space that is not combative or defensive, maar waar jy kan teruggaan en kyk na die waarheid van jou situasie. Without becoming a victim."

Maar praat mense oor hoe apartheid sekere mense bevoordeel het?

"Afrikaners spesifiek praat baie meer daarvoor. Daar is natuurlik verskillende gesprekke wat plaasvind. Daar is die Steve Hofmeyrs, daar is nie een universele gesprek wat plaasvind nie. Maar ek vind dit much more invigorating and interesting, because I don't think English speaking white South Africans are having these conversations, because they don't think they have anything to account for. Which Afrikaans speaking South Africans do.

"So, ek dink daar is 'n worsteling, daar is baie daarvoor geskryf. Dit word definitief baie meer onder Afrikaanssprekendes bespreek. Mense raak kwaad daarvoor. Maar ten minste praat mense! Engelse doen nie. Hulle kyk die Kardashians."

Dís Marianne Thamm. Sy bly nie stil nie. En sy laat mense praat.

– Marchelle van Zyl



Lerato Tshabalala

Lerato Tshabalala: The Way I See It. Skrywersfees. ATKV-Boektent. 6 Maart om 10:30.

Dis Saterdagoggend skuins voor half elf in 'n skandalig leë wit tent.

Moenier Hendricks, produksiebestuurder by Homebrew Films, wil weet waar op aarde is Maties se feministe en studenteaktiviste.

Het niemand van die fees vir hulle laat weet sy berugte vriendin Lerato is hier uit Jozi om te kom branders maak met haar boek *The Way I See It: The Musings of a Black Woman in the Rainbow Nation* nie?

Sy skryf oor seks, persoonlike skandes, ras, klas, kulturele stereotypes, genderpolitiek, karwage, huiswerkers, verhoudingsprobleme en familie – kaalvuis, vol gekruide taal en skreeusnaaks op die koop toe.

Gelukkig het die vreeslose skrywer met die kanariegeel hoëhakskoene en haar oudkollega wat die gesprek lei, joernalis Melinda Ferguson, sulke groot persoonlikhede dat die atmosfeer vrolik en gesellig is, klein opkoms ten spyt.

Lerato was destyds Mel (soos sy haar noem) se redakteur by *True Love* en die twee het vriende gebly.

Melinda vertel hoe groot sy in Julie verlede jaar gekrik het toe sy uit die bloute 'n string WhatsApps van oraloor kry om te hoor of Lerato oukei is, daar het 'n storm om haar kop losgebars.

Dit blyk toe die herrie op Twitter gaan oor 'n verkorte uittreksel uit haar boek wat die *Sunday Times* met 'n sensasionele opskrif gepubliseer het: "Why I hire blue eyes before black guys", waarin sy swart kontrakteurs soos bouers kritiseer oor 'n gebrek aan professionaliteit.

"Swart Twitter was omtrent van hul koppe af, dis beskryf as 'the self-hating hatchet job of the year' en sy moes hoor: 'Lerato, your black card has been revoked'. Sodra jy jou eie mense kritiseer, word jy hierdie groot verraaier."

Maar Melinda was verniet bekommerd, haar yster van 'n vriendin was nooit van plan om swart mense in watter toe te draai nie. Sy was eerstens doodeerlik oor haar eie foute en flaters, en die hele doel met die boek was om gesprekke wat agter toe deure plaasvind, in die ope te bring sodat ons 'n gesprek daarvoor kan begin.

"Dit word toe 'n geval van ek versus swart mense, wat regtig interessant was, en mense wou gehad het ek moet my mening verander. Maar ek

is 'n opgeleide joernalis, ek werk al in die veld sedert ek 19 is en ek het laasweek 37 geword, en ek wou nie my woorde terugtrek nie. Ek sou nie die boek geskryf het as ek nie by my standpunte kon staan nie.

"As jy iets privaat wil sê, moet jy dit in die openbaar kan sê. Want dis wat ons agter toe deure kwytraak wat ons gebring het waar ons vandag in die land is. Ons beweeg nie vorentoe nie, want ons praat nie oor die dinge wat ons nie van mekaar verstaan nie. En in 'n plek wat só afgeskei was, so apart, is daar baie misverstande."

Melinda wonder of die ou gesegde 'daar bestaan nie so iets soos slegte publisiteit nie' steeds geld, en Lerato erken sy't dit nooit geglo nie – "tot nou met my boek!"

'n SAUK-joernalis het beweer sy gaan uit haar pad om te wys dat nie alle wit mense rassiste is nie, terwyl van haar vriende wat die boek gelees het, weer bang was wit mense gaan woedend wees, "want ek praat oor taal en klas en wit bevoorregting en swart pyn."

Daar was egter tot dusver geen bohaai uit wit geleedere nie, en die boek het uitstekend gevaar, met 'n baie diverse lesersprofiel.

Lerato omring haarself met wonderlike mense, haar ma, broer en suster is baie ondersteunend (haar pa is oorlede), en haar ander helfte, rugbyskrywer Simnikiwe Xabanisa, is 'n rots van begrip.


"Ek het voor die boek uitgekóm het vir almal gesê: Moet my nie in die openbaar verdedig nie, julle het nie hierdie woorde geskryf nie, ek het."

"Dis 'n bloody snaakse boek," sê Melinda. "En jy't ongelooflike insigte oor ons sosiale media- en internet-obsessed kultuur."

"Dankie Mel," glimlag Lerato breed. En vervolg dan op 'n ernstiger noot: "Weet jy, die rede hoekom ek 'n skrywer geword het, is omdat ek Anne Frank se dagboek gelees het toe ek so 13 was. In Soweto. Ek het my probeer indink of hierdie meisie in die tyd van die Holocaust enige idee kon hê dat 'n kind aan die suidpunt van Afrika soveel jare later dit sou lees en 'n menslike konneksie kon maak."

"So, ek gee nie om of iemand dink my boek is relevant of nie. Ek dink nie oor 50 jaar vorentoe nie. Nina Simone het gesê kunstenaars moet die tyd waarin hulle leef, reflekteer."


"Ek maak nie geld hiermee nie. Dis vir die siel." – Susan Booyens



Vuurvreters

Rape of Justice
Cartoon 1 is op 7 September 2008 in die Sunday Times gepubliseer, die jaar voordat Jacob Zuma president geword het.

Zapiro het Saterdag terwyl dié spotprent vertoon is gesê dit is steeds sy heel bekendste en belangrikste werk: “Die essensie is dat hy en sy alliansievennote die regbank dreig en boelie om ’n politieke skikking te kry wat toegedraai is asof dit ’n regsuitspraak is.”



Pres. Zuma het hom twee jaar ná die verskyning vir R5 miljoen vir laster gedagvaar, en dié saak is eers in 2013 laat vaar (hy is in 2006 vir R15 miljoen en 2007 vir R7 miljoen deur Zuma vir ander spotprente gedagvaar, sake wat nie die hof gehaal het nie.)

Volgens Zapiro is sy enigste doel om skynheiligheid te ontbloot.

Cartoon by Zapiro, Sunday Times ©2008. Reprinted with permission. For more Zapiro cartoons, visit www.zapiro.com.

Dis nie meer snaaks nie

Zapiro and the right to offend. Skrywersprogram. Drostydteater. 4 Maart om 12:00.

As Suid-Afrika se voorgestelde Wetsontwerp op die Voorkoming en Bestryding van Haatmisdade en Haatspraak wet word en die desperate politici met die dun velle en dalende populariteit laaste lag, sal ons ’n land sonder satire en spotprente word. Dis die ernstige waarskuwing wat ’n volgepakte gehoor Saterdag in die Drostydteater moes hoor.

Op die verhoog om te gesels oor ons grondwetlike reg om aanstoot te gee en te beledig was die nimlike Jonathan Shapiro van Zapiro-faam in sy eerste Woordfees-verskyning, saam met Brandon Reynolds, ervare spotprenttekenaar van *Rapport*, *Weekend Argus* en *Business Day*, en stokiesman Anton Kannemeyer, *Bitterkomix* se medeskepper, akademikus en deesdae galerykunstenaar. Max du Preez, wat beslis nie kan teken nie, maar nes die res al uit die strugle-tyd met sy pen die vryheidstrydstryd, het verskyn in die plek van Mondli Makhanya, redakteur van *City Press*, wat nie die gesprek kon bywoon nie.

Die paneel het tussen hulle ’n lang lys toekennings en ’n hele paar reusagtige lastersake. Die onverskrokke viertal se kommer was uit die staanspoor duidelik toe Anton erken die politieke klimaat sedert #FeesMustFall beteken meeste van die mense wat in die verlede vir hom sou opgekom het, is tans tjoepstil en verlam van vrees. Ten spyte van internasionale pryse en wêreldwye uitstallings het sy galery in Suid-Afrika dit duidelik gemaak “my politieke werk kan in die huidige tydsgewrig nie in Suid-Afrika uitgestal word nie”.

Die gehoor lag eers daarvoor -

totdat dit insink, en gevolg word deur wat iemand beskryf as “the sound of outrage”.

“Ons leef in interessante tye,” is Brandon se droë kommentaar.

“Daar is so ’n ekstremistiese atmosfeer rondom veral kunswerke. Dis scary. Sedert *Charlie Hebdo* in 2015 is die klimaat vir vrye uitdrukking regtig sleg.”

Max vang die nasionale skisofrenie en histerie só vas: “My enigste claim to fame is dat ek elke week daarin slaag om tegelykertyd oor dieselfde materiaal as ’n agent van witmonopoliekapitaal, ’n white supremacist, ’n hater van Afrikaners en ’n uitverkoper van wit mense beskou kan word.”

Volgens Zapiro kry hy in enige gegewe week dit ook byna reg.

“Dis regtig fassinerend om te sien hoe ekstremistiese posisies is en hoe hy uitmekaargetrek kan word deur totaal verskillende kante vir dieselfde ding. Om deur verskillende groepe gesien te word dat jy in ’n kamp is waaraan jy nie eens behoort nie. Dis ’n baie vreemde tyd. Ek is nog geruk deur Anton se stelling dat hy nie meer sy werk in galerye in Suid-Afrika kan uitstal nie – dis verregaande.”

Anton reken dis dieselfde as Zapiro se koerant (*Mail & Guardian*) wat hom gesensor het, maar hy beklemtoon dat hy die *M&G*, vir wie hy 22 jaar gewerk het, vrywillig verlaat het. (Onder groot gelag van die gehoor.) Dit was omdat hy “kwater en kwater geword het oor die politieke korrektheid wat die eens wonderlike koerant (*M&G*) oorgeneem het”. Hy teken nou spotprente vir die *Daily Maverick* en een per week vir die *Sunday Times*.

In ’n menseregtoespraak in 2016 het pres. Jacob Zuma gemaak teen kunstenaars, spotprenttekenaars en satirici – en hy het volgens Anton “vir Zapiro en

Brett Murray in gedagte gehad, maar ook Ayanda Mabulu, al is hy swart, en talle ander satirici, myself ingesluit”. Met verwysing na die voorgestelde haatspraakwetgewing sê hy as die wet aanvaar word, sal dit meeste satirici in Suid-Afrika onmiddellik werkloos maak.

In ’n demokratiese samelewing, as jy nie mense aanhits om ander leed of pyn aan te doen nie, maar hulle verskriklik wil beledig om te wys hoe sleg hulle opgetree het of hoe skynheilig hulle is – vir my is dit ’n reg wat in die Grondwet in beton gegiet is.



Zapiro FOTO: ANTONIA STEYN

Vir die bespreking het Anton van Brandon en Zapiro se mees omstrede en bekendste spotprente as voorbeelde gekies en op ’n skerm gewys, wat die gehoor terdeë geniet het, en die terugblik op byna 30 jaar se werk bied ’n fassinerende kykie in die land se psige en die evolusie van mag.

Brandon verwys na “die vertrapping van ons regte ná Brett Murray”. “Dit het al hoe meer kompleks geraak die afgelope jaar – ek moet harder werk om die juweel in temas raak te sien. Dis nie so maklik soos ‘dis goed en dis sleg nie’, dis wie ons ondersteun. Dinge is deesdae soveel meer troebel en in ’n grys gebied.”

Zapiro sê vurig Zuma se goedkoop populisme maak hom woedend – vryheid van spraak is vasgelê en verskans in die Grondwet.

Volgens Max weier hy om die verskraling van die politieke diskoers na sloganeering te aanvaar.

“Elke week word ek ’n white supremacist of ’n werktuig van witmonopoliekapitaal genoem. En dan spring AfriForum op en af en sê ek is ’n libtard en skaam om ’n Afrikaner te wees en is ’n verraaier van wit mense. En dis bullshit, ons kan nie so aangaan in hierdie samelewing nie. Ons kan nie ’n behoorlike diskoers hê as dit is wat ons gaan doen nie. Ons moet hier in die middel voortdonder, en ons moet die ekstremiste na links en na regs ignoreer, want anders gaan hierdie kuns van satire – dit gaan alles moet verdwyn. En ons gaan almal óf moet stilbly, óf saam met die raserigstes skree.”

Zapiro stem saam met elke woord, maar het een voorbehoud – hy verskil nie van Max nie, maar dit laat hom regop sit om te hoor van “in die middel tussen links en regs wees”.

“Ek bedoel, ek het myself altyd

as links beskou, en Max ook en almal van ons is links! So, wie ook al voorgee om links te wees, is nie die regte linkervleuel nie, dis nie regtig links nie. Dis die enigste klousule wat ek wil byvoeg. Ons is nog steeds links, ons is nie in die middel nie. Daar’s crazies aan daai kant, maar hulle is nie die regte links nie. En dan is daar die middel van die pad en die regterkant.”

Verreweg sy bekendste werk is Zapiro se *Rape of Justice* Cartoon 1, wat op 7 September 2008 in die *Sunday Times* gepubliseer is, en steeds ’n asemsnak uit ’n gehoor kan ontlok.

Zapiro verwys na die problematiek om haatspraak en haatmisdade in dieselfde stuk wetgewing te vervat.

“Daar is reeds wette wat oor haatspraak handel – die soort haatspraak wat lei tot die dood van iemand. Andersins is daar baie goed wat ons moet kan hanteer, al vind ons dit veragtelik, maar in ’n vry samelewing moet dit toegelaat word. Haatmisdade is iets heeltemal anders.”

Volgens hom sal letterlik ál sy werk onder die nuwe wet nie kan verskyn nie – hy het reeds die wetgewing bestudeer en met sy regsadviseurs gepraat.

“In ’n demokratiese samelewing, as jy nie mense aanhits om ander leed of pyn aan te doen nie, maar hulle verskriklik wil beledig om te wys hoe sleg hulle opgetree het of hoe skynheilig hulle is – vir my is dit ’n reg wat in die Grondwet in beton gegiet is.”

En Anton voeg by: “*Charlie Hebdo* se redakteur, Gérard Biard, het gesê ons skep nie rassistiese spotprente nie. Ons vat mense nie aan vir wie hulle is nie, maar vir wat hulle doen.”

Stel jou voor, ’n land sonder enige satire of spotprente.

– Susan Booyens

DStv
Premium



DRIE KAN 'N GEHEIM HOU AS TWEE DOOD IS

SARA SE GEHEIM

BEGIN DINSDAG 11 APRIL

20:00

kykNET.TV #SARASEGEHEIM

kykNET
KANAAL 144